



MEDI-CLINIC

Privaat hospitaalgroep

ONGEOUDITEERDE TUSSENTYDSE GROEPRESULTATE
VAN **MEDI-CLINIC KORPORASIE BEPERK**
EN SY FILIALE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2010

HOOFTREKKE

- STEWIGE PRESTASIE DEUR AL DRIE BEDRYFSPLATFORMS
- BASIESE WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL STYG MET 19%
- TUSSENTYDSE DIVIDEND PER GEWONE AANDEEL OP 23.0 SENT GEHANDHAAF

GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/09/2010 R'm	Styging %	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/09/2009 R'm	Geouditeerd Jaar tot 31/03/2010 R'm
Inkomste	8 768	5%	8 363	17 141
Koste van verkope	(5 009)		(4 831)	(9 573)
Administrasie- en ander bedryfskoste	(1 893)		(1 793)	(3 832)
Kernbedryfswins voor waardevermindering (EBITDA)	1 866	7%	1 739	3 736
Verstreke dienskoste	–		–	97
Bedryfswins voor waardevermindering (EBITDA)	1 866	7%	1 739	3 833
Waardevermindering en amortisasie	(351)		(353)	(718)
Bedryfswins	1 515		1 386	3 115
Wins met verkoop van belang in filiaal	–		–	28
Inkomste vanaf geassosieerde	–		–	7
Finansieringsinkomste	23		28	41
Finansieringskoste	(732)		(779)	(1 524)
Wins voor belasting	806		635	1 667
Belasting	(305)		(258)	(481)
Kernbelasting	(305)		(258)	(560)
Veranderinge in belastingkoers en belasting op verstreke dienskoste	–		–	79
Wins vir die tydperk	501		377	1 186
Toeskryfbaar aan:				
Aandeelhouders van die maatskappy	410		331	1 058
Minderheidsbelange	91		46	128
	501		377	1 186
Verdienste per gewone aandeel – sent				
– Basies	70.7	20%	59.0	188.4
– Verwaterde	67.4		56.0	179.0
Wesensverdienste per gewone aandeel – sent				
– Basies	70.2	19%	59.0	183.1
– Verwaterde	67.0		56.0	173.9
Verdienste rekonsiliasie:				
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouders	410		331	1 058
Wins met verkoop van eiendom, toerusting en voertuie	(1)		–	(2)
Wins met verkoop van regte	(2)		–	–
Wins met verkoop van belang in filiaal	–		–	(28)
Wesensverdienste	407	23%	331	1 028
Kernwesensverdienste	407	23%	331	852
Verstreke dienskoste na belasting	–		–	76
Belastingkoers veranderinge	–		–	100
Wesensverdienste	407		331	1 028
Kern basiese wesensverdienste per gewone aandeel – sent	70.2	19%	59.0	151.8
Wesensverdienste per aandeel t.o.v. verstreke dienskoste en belastingkoers veranderinge – sent	–		–	31.3
Basiese wesensverdienste per gewone aandeel – sent	70.2		59.0	183.1

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/09/2010 R'm	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/09/2009 R'm	Geouditeerd Jaar tot 31/03/2010 R'm
Wins vir die tydperk	501	377	1 186
Ander omvattende inkomste			
Wisselkoersomrekeningsverskille	115	(1 124)	(1 401)
Billikewaarde-aanpassings aan kontantvloeiverskansings (na belasting)	(437)	1	(183)
Aktuariële winste en verliese	(183)	341	331
Ander omvattende verliese, na belasting	<u>(505)</u>	<u>(782)</u>	<u>(1 253)</u>
Totale omvattende verlies vir die tydperk	<u>(4)</u>	<u>(405)</u>	<u>(67)</u>
Toeskryfbaar aan:			
Aandeelhouers van die maatskappy	(70)	(353)	(88)
Minderheidsbelange	66	(52)	21
	<u>(4)</u>	<u>(405)</u>	<u>(67)</u>

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	Onge- ouditeerd 30/09/2010 R'm	Onge- ouditeerd 30/09/2009 R'm	Geouditeerd 31/03/2010 R'm
BATES			
Nie-bedryfsbates	34 504	34 425	33 535
Eiendom, toerusting en voertuie	28 844	28 759	28 046
Ontasbare bates	5 398	5 440	5 243
Beleggings – ongenoteerd	22	23	26
Uitgestelde inkomstebelastingbates	240	203	220
Bedryfsbates	6 362	4 345	4 829
Voorraad	516	484	481
Handels- en ander debiteure	3 241	2 775	3 211
Kontantmiddele	2 605	1 086	1 120
Inkomstebelastingbates	–	–	17
Totale bates	<u>40 866</u>	<u>38 770</u>	<u>38 364</u>
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE			
Totale ekwiteit	8 646	7 333	7 616
Aandelekapitaal en reserves	7 665	6 497	6 650
Minderheidsbelange	981	836	966
Totale laste	32 220	31 437	30 748
Langtermyn rentendraende skuld	21 169	21 391	20 667
Aftreevoordeelverpligtinge	564	456	346
Voorsienings	238	186	185
Afgeleide finansiële instrumente	2 892	2 209	2 331
Uitgestelde inkomstebelastingaanspreeklikhede	4 514	4 586	4 399
Korttermyn rentendraende skuld	477	364	398
Korttermyn rentevrye skuld	2 366	2 245	2 422
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	<u>40 866</u>	<u>38 770</u>	<u>38 364</u>
Netto batoewaarde per gewone aandeel – sent	1 227	1 156	1 181
Direkteurswaardasie van ongenoteerde beleggings (R'm)	22	23	26

GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/09/2010 R'm	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/09/2009 R'm	Geouditeerd Jaar tot 31/03/2010 R'm
Kontantvloeï uit bedryfsaktiwiteite	864	1 078	1 960
Kontant deur bedrywigheide voortgebring	1 742	1 947	3 800
Netto finansieringskoste	(669)	(707)	(1 396)
Belasting betaal	(209)	(162)	(444)
Kontantvloeï uit beleggingsaktiwiteite	(241)	(578)	(1 271)
Kontantvloeï uit finansieringsaktiwiteite	929	(468)	(542)
Verdelings aan aandeelhouders	(261)	(251)	(374)
Verdelings aan minderhede	(51)	(39)	(55)
Opbrengs van aandeel uitgereik	1 364	–	–
Aandeel-uitgiftekoste	(33)	–	–
Beweging in skuld	(105)	(212)	(155)
Tesourie-aandeel benut	15	26	15
Kapitaalbydraes deur minderhede	–	8	27
Netto beweging in kontant en bankoortrekkings	1 552	32	147
Openingsaldo van kontant en bankoortrekkings	967	941	941
Wisselkoersfluktuasies op buitelandse kontant	(50)	(95)	(121)
Eindsaldo van kontant en bankoortrekkings	2 469	878	967
Kontant en kontantekwivalente	2 605	1 086	1 120
Bankoortrekkings	(136)	(208)	(153)
	2 469	878	967

GEKONSOLIDEERDE EKWITEITSTAAT

	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/09/2010 R'm	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/09/2009 R'm	Geouditeerd Jaar tot 31/03/2010 R'm
Openingsbalans	7 616	7 989	7 989
Aandeel uitgereik	6	–	–
Premie op aandeel uitgereik	1 358	–	–
Koste van aandeel uitgereik	(33)	–	–
Beweging in aandeel gehou in tesourie	15	8	15
Beweging in aandeelgebaseerde betalingsreserwe	–	3	7
Minderheidsbelange deur die groep verkry	–	2	(6)
Totale omvattende verlies vir die tydperk	(4)	(405)	(67)
Verdeel aan aandeelhouders	(261)	(251)	(374)
Verandering in aandeelhouding van filiale	–	27	108
Koste van filiaal se regte-uitgifte	–	(1)	(1)
Verdeel aan minderhede	(51)	(39)	(55)
Sluitingsbalans	8 646	7 333	7 616
Bestaan uit			
Aandelekapitaal	65	59	59
Aandelepremie	6 066	4 741	4 741
Tesourie-aandele	(296)	(318)	(311)
Aandeelgebaseerde betalingsreserwe	123	119	123
Buitelandse valutareserwe	1 441	1 569	1 301
Verskansingsreserwe	(2 780)	(2 159)	(2 343)
Behoue inkomste	3 046	2 486	3 080
Aandeelhouersekswiteit	7 665	6 497	6 650
Minderheidsbelange	981	836	966
Totale ekwiteit	8 646	7 333	7 616

GEKONSOLIDEERDE SEGMENTVERSLAG

	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/09/2010 R'm	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/09/2010 R'm	30/09/2010 R'm	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/09/2010 R'm
	Hospitaal Dienste	Hospitaal Eiendomme	Aanpassings en uitskakelings	Totaal
Inkomste				
Suider-Afrika	4 244	378	(378)	4 244
Midde-Ooste	611	30	(30)	611
Switserland	3 913	647	(647)	3 913
EBITDA				
Suider-Afrika	543	367		910
Midde-Ooste	61	29		90
Switserland	262	604		866
Bedryfswins				
Suider-Afrika	431	367		798
Midde-Ooste	25	29		54
Switserland	120	543		663
Bates				
Suider-Afrika	4 510	6 380	(5 121)	5 769
Midde-Ooste	907	747		1 654
Switserland	8 589	23 388		31 977
Korporatief				1 466
Laste				
Suider-Afrika	2 349	3 992	(931)	5 410
Midde-Ooste	438	283		721
Switserland	2 479	23 610		26 089
	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/09/2009 R'm	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/09/2009 R'm	30/09/2009 R'm	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/09/2009 R'm
Inkomste				
Suider-Afrika	3 802	340	(340)	3 802
Midde-Ooste	524	32	(32)	524
Switserland	4 037	670	(670)	4 037
EBITDA				
Suider-Afrika	484	329		813
Midde-Ooste	(2)	32		30
Switserland	240	656		896
Bedryfswins				
Suider-Afrika	386	329		715
Midde-Ooste	(41)	32		(9)
Switserland	90	590		680
Bates				
Suider-Afrika*	4 167	5 831	(4 567)	5 431
Midde-Ooste	911	793		1 704
Switserland	8 369	23 431		31 800
Laste				
Suider-Afrika	2 036	3 912	(770)	5 178
Midde-Ooste**	626	322		948
Switserland	2 264	23 216		25 480

* Sluit in segmentbates ter waarde van R165m wat op groepskonsolidasie geëlimineer word

** Sluit in segmentlaste ter waarde van R169m wat op groepskonsolidasie geëlimineer word

GEKONSOLIDEERDE SEGMENTVERSLAG (VERVOLG)

	Geouditeerd Jaar tot 31/03/2010 R'm	Geouditeerd Jaar tot 31/03/2010 R'm	31/03/2010 R'm	Geouditeerd Jaar tot 31/03/2010 R'm
Inkomste				
Suider-Afrika	7 680	687	(687)	7 680
Midde-Ooste	1 126	62	(62)	1 126
Switserland	8 335	1 330	(1 330)	8 335
EBITDA				
Suider-Afrika	985	666		1 651
Midde-Ooste	71	61		132
Switserland	806	1 244		2 050
Bedryfswins				
Suider-Afrika	779	666		1 445
Midde-Ooste	(4)	61		57
Switserland	499	1 114		1 613
Bates				
Suider-Afrika*	4 495	6 048	(4 785)	5 758
Midde-Ooste	942	786		1 728
Switserland	8 323	22 555		30 878
Laste				
Suider-Afrika	2 287	3 962	(931)	5 318
Midde-Ooste**	468	312		780
Switserland	2 361	22 289		24 650

ADDISIONELE INLIGTING

	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/09/2010 R'm	Onge- ouditeerd 6 maande tot 30/09/2009 R'm	Geouditeerd Jaar tot 31/03/2010 R'm
Kapitaalverpligtinge			
Suider-Afrika	857	645	867
Midde-Ooste	13	21	10
Switserland	1 031	134	216
Wisselkoerse	R	R	R
Gemiddelde Switserse frank (ZAR/CHF)	6.96	7.48	7.35
Sluitings Switserse frank (ZAR/CHF)	7.18	7.23	6.93
Gemiddelde VAE dirham (ZAR/AED)	2.03	2.21	2.13
Sluitings VAE dirham (ZAR/AED)	1.90	2.02	2.00
Getal		Getal	Getal
'000		'000	'000
Aandeel			
Getal gewone aandele uitgereik	652 315	593 014	593 014
Getal gewone aandele in tesourie gehou	(27 704)	(31 136)	(30 145)
	624 611	561 878	562 869
Geweeigde getal gewone aandele	579 965	560 996	561 648
Verwaterde getal gewone aandele	607 912	591 185	591 221

In die bepaling van verdienste en wesensverdiensle per aandeel is die geweeigde getal gewone aandele in berekening gebring.

Ons rapporteer graag dat die Groep steeds sy bestendige groeipatroon gehandhaaf het.

GROEPOORSIG

Groep finansiële prestasie

Die Groep gebruik die konsepte kernwesensverdienste en kernwesensverdienste per aandeel as 'n metode om duidelik en konsekwent aan aandeelhouders verslag te doen. Aangesien daar geen eenmalige items vir die oorsigperiode was nie, is rapporteerbare wesensverdienste per aandeel en kernwesensverdienste per aandeel dieselfde.

Bedryfsresultate

Groepinkomste het met 5% tot R8 768m (2009: R8 363m) gestyg vir die ses maande onder oorsig. Bedryfsinkomste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie ("EBITDA") was 7% hoër op R1 866m (2009: R1 739m). Wesensverdienste het met 23% tot R407m (2009: R331m) gestyg. Basiese wesensverdienste per gewone aandeel het met 19% tot 70.2 sent (2009: 59.0 sent) gestyg.

Hierdie stewige resultate is behaal ondanks die voortgesette strawwe wêreldwye ekonomiese toestande. Die hefboomeffek van die Groep se kapitaalstruktuur blyk duidelik uit die hoër groei van 19% in wesensverdienste per aandeel, vergeleke met die EBITDA-groei van 7%.

Die gemiddelde wisselkoers vir die Switserse frank (CHF) was R6.96 teenoor R7.48 vir die vergelykende periode, wat op 'n vergelykende grondslag 'n negatiewe uitwerking op die gerapporteerde resultate gehad het, soos uiteengesit hieronder in Hirslanden se finansiële oorsig.

Finansieringskoste

Ingesluit by die finansieringskoste is 'n bedrag van R36m (2009: R38m), wat die huidige periode se amortisasie verteenwoordig ten opsigte van verkrygingsfooie wat op die Groep se plaaslike en buitelandse skuld betaal is. Hierdie bedrae word oor die termyn van die betrokke lenings geamortiseer in ooreenstemming met toekomstige kontantbetalings soos voorgeskryf in IAS 39 Finansiële Instrumente.

Kontantvloei

Die Groep se kontantvloei het nie dieselfde vlak as in die verlede bereik nie, vanweë 'n tydelike faktureringsaangeleentheid wat hieronder in die afdeling oor die Switserse bedrywighede beskryf word. Die Groep het 93% (2009: 112%) van EBITDA omskep in kontant wat deur bedrywighede voortgebring is. Na inagneming van die ekwiteitskapitaal van ongeveer R1 330m wat gedurende die oorsigperiode by wyse van 'n regte-aanbod deur die Maatskappy ("die regte-aanbod") verkry is, het kontant en kontantekwivalente gestyg tot R2 605m op 30 September 2010.

Rentedraende lenings

Rentedraende lenings ("skuld") het van R21 065m op 31 Maart 2010 toegeneem tot R21 646m op 30 September 2010, hoofsaaklik as gevolg van die verandering in die rand/CHF-sluitingswisselkoers. Die CHF-sluitingswisselkoers het van R6.93 op 31 Maart 2010 gestyg tot R7.18 op 30 September 2010. Dit is belangrik om daarop te let dat die buitelandse skuld van ons bedrywighede in Switserland en die Midde-Ooste, ten bedrae van R17 838m, verteenwoordig word deur buitelandse bates in dieselfde geldeenhede. Die buitelandse skuld het ook geen verhaalsreg van die Suider-Afrikaanse bedrywighede se bates nie, soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank asook toepaslike finansieringsreëlings.

Dividend

Soos in vorige jaarverslae aangedui, streef die Groep na 'n dividenddekking van drie keer gebaseer op die Groep se wesensverdienste oor verloop van tyd. Die tussentydse dividend per aandeel word dus op 23.0 sent (2009: 23.0 sent) gehandhaaf en die Direksie sal die finale dividend oorweeg gebaseer op die Groep se resultate vir die volle finansiële jaar.

IFRS- en tegniese aangeleenthede

Verantwoording van die Hirslanden-pensioenfondse

Hirslanden verskaf vastebydrae-pensioenplanne kragtens die Switserse reg aan werknemers en die bates van hierdie planne word in afsonderlike fondse gehou wat deur trustees bestuur word. Hierdie planne word deur betalings

van werknemers en Hirslanden befonds, met inagneming van die aanbevelings van onafhanklike gekwalifiseerde aktuarisse. Weens die streng omskrywing van vastebydraeplanne in IAS 19, word hierdie planne vir IFRS-doeleindes as vastevoordeelplanne geklassifiseer, aangesien die fondse kragtens Switserse reg verplig is om 'n deel van die beleggings- en langlewendheidsrisiko te dra.

Sedert 31 Maart 2010 het die markopbrengs op Switserse staatseffekte verder gedaal, met die gevolg dat die diskontokoers wat vir die diskontering van die omskrewe vastevoordeel-verpligting gebruik word, afwaarts aangepas is vir die IAS 34 tussentydse herberekening. Dit het gelei tot 'n hoër IAS 19-pensioenverpligting in die Groep se staat van finansiële posisie. Die IAS 19 herberekende pensioenverpligting het R249m (CHF34.7m) (31 Maart 2010: R64m (CHF9.3m)) bedra, ingesluit onder "Aftreevoordeelverpligtinge" in die Groep se staat van finansiële posisie. Vir Switserse statutêre doeleindes is die pensioenfondse se befondsingsvlakke egter geraam op 104.5% op 30 September 2010 (31 Maart 2010: 106.5%). Uit 'n ekonomiese en regsoogpunt het hierdie bedrag, soos bereken ooreenkomstig IAS 19, dus nie tot 'n aanspreeklikheid vir Hirslanden op 30 September 2010 gelei nie.

Die hoër herberekende pensioenverpligting het daartoe gelei dat die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste met 'n bedrag van R183m (CHF25.4m) gedebiteer is vir die huidige oorsigperiode. Verder is die gekonsolideerde inkomstestaat met 'n bedrag van R46m (CHF6.6m) (2009: R28m (CHF3.7m)) gekrediteer, wat die werkgewer se bydraes bo die huidige dienskosse verteenwoordig.

Billike waarde van rentekoersruiltransaksies

Die algehele daling in rentekoerse het gelei tot 'n verhoging van die billikewaarde-aanspreeklikheid van die Groep se rentekoersruiltransaksies, van R2 331m teen 31 Maart 2010 tot R2 892m teen 30 September 2010. Die rentekoersruiltransaksies is ingesluit onder "Afgeleide finansiële instrumente" in die Groep se staat van finansiële posisie.

Die regte-aanbod

Na aftrekking van uitgawes, het die Maatskappy ongeveer R1 330m verkry deur 'n regte-aanbod wat op 6 Augustus 2010 gesluit het. Die opbrengs van die regte-aanbod sal gebruik word om groeigeleenthede te befonds wat beskikbaar is by hospitale wat tans in Switserland besit word.

Die regte-aanbod was vir altesaam 59 301 395 Medi-Clinic aandele ("regte-aanbod aandele") teen 'n inskrywingsprys van 2 300 sent per regte-aanbod aandeel in die verhouding van 10 regte-aanbod aandele vir elke 100 Medi-Clinic aandele wat by handelsluiting op Vrydag, 16 Julie 2010 gehou is.

Die regte-aanbod was ten volle ingeskryf, 66.7% ekstra aansoeke is ontvang en geen regte-aanbod aandele is aan die onderskrywer toegeken nie.

BEDRYGWIGHEDE IN SUIDER-AFRIKA

MEDI-CLINIC SUIDER-AFRIKA

Finansiële oorsig

Die Suider-Afrikaanse groepinkomste het met 12% tot R4 244m (2009: R3 802m) toegeneem vir die ses maande onder oorsig. EBITDA was 12% hoër op R910m (2009: R813m).

Nadat waardeverminderingskosse van R112m (2009: R98m), netto finansieringskosse van R174m (2009: R163m) en belasting van R195m (2009: R165m) in ag geneem is, en die belang van minderheidsaandeelhouders in die toeskryfbare inkomste van die Suider-Afrikaanse groep ten bedrae van R73m (2009: R66m) afgetrek is, het die Suider-Afrikaanse bedrywighede R356m (2009: R321m) tot die toeskryfbare inkomste van die Groep bygedra.

Bedryfsvoorsig

Die inkomstegroei van 12% is behaal deur 'n toename van 2.2% in beddae verkoop en 'n styging van 9.8% in die gemiddelde inkomste per beddag. Die toename in benutting van beddens het die tendens van vele vorige oorsigperiodes omgekeer, aangesien dit meer in chirurgiese as in mediese gevalle sigbaar was. Die styging in die gemiddelde inkomste per beddag was te danke aan hierdie positiewe verskuiwing na meer chirurgiese gevalle, met 'n hoër inkomsteprofiel. Die getal pasiënte wat toegelaat is, het met 0.7% gestyg terwyl die gemiddelde duur van verblyf met 1.5% toegeneem het.

Die Suider-Afrikaanse bedrywighede het sy EBITDA-marge op 21.4% gehandhaaf.

Gedurende die oorsigperiode het die Suider-Afrikaanse bedrywighede R86m (2009: R147m) bestee aan kapitaalprojekte en nuwe toerusting om die besigheid te verstewig, asook R119m (2009: R111m) aan die vervanging van bestaande toerusting. Verder is R128m (2009: R107m) aan die herstel en onderhoud van eiendom en toerusting bestee, wat in die inkomtestaat erken is. Vir die huidige finansiële jaar word R402m begroot vir kapitaalprojekte en nuwe toerusting om die besigheid te verstewig, R213m word vir die vervanging van bestaande toerusting begroot, en R236m vir herstelwerk en onderhoud. Die EBITDA-verhoging voortspruitend uit kapitaalprojekte wat reeds aan die gang of goedgekeur is, sal volgens begroting in 2011 en 2012 onderskeidelik R32m en R67m bedra.

Die getal gelisensieerde hospitaalbeddens het gedurende die ses maande onder oorsig van 7 035 tot 7 051 toegeneem.

Die nuwe 140-bed Cape Gate Medi-Clinic in die Wes-Kaap is in Februarie 2010 volgens plan suksesvol in bedryf gestel, en besetting is bo die begroting.

Gedurende die afgelope ses maande is bouprojekte by Constantiaberg Medi-Clinic (opgradering en 'n nuwe spreekkamerblok vir dokters), Tzaneen Medi-Clinic (28 addisionele beddens), Marapong Medi-Clinic (opgradering) en Ermelo Medi-Clinic (opgradering) voltooi.

Bouprojekte wat tans by Panorama Medi-Clinic (opgradering en 'n nuwe elektro-fisiologielaboratorium), Muelmed Medi-Clinic (opgradering van 57 beddens) en Wits Donald Gordon Mediese Sentrum (opgradering van 'n 28-bed saal) aan die gang is, sal in die volgende ses maande afgehandel word. Projekte by Nelspruit Medi-Clinic (74 addisionele beddens), Limpopo Medi-Clinic (30 addisionele beddens en opgradering), Stellenbosch Medi-Clinic (10 addisionele beddens), Kimberley Medi-Clinic (nege addisionele beddens), Kloof Medi-Clinic (32 addisionele beddens) en Kaapstad Medi-Clinic ('n nuwe spreekkamerblok vir dokters) sal in die 2012 finansiële jaar voltooi word.

Verdere projekte is goedgekeur vir Cottage Medi-Clinic (opgradering en 14 addisionele beddens), Louis Leipoldt Medi-Clinic (opgradering), Hoogland Medi-Clinic (nuwe spreekkamerblok vir dokters en opgradering), Welkom Medi-Clinic (36 addisionele beddens en opgradering), Medforum Medi-Clinic (opgradering) en Hoëveld Medi-Clinic (27 addisionele beddens). Hierdie projekte sal in die volgende 12 maande begin word.

Die getal gelisensieerde beddens sal in die volgende ses maande na verwagting van 7 051 tot 7 093 toeneem.

Die Suider-Afrikaanse bedrywighede se kontantvloei was steeds sterk, aangesien 115% (2009: 111%) van EBITDA omskep is in kontant wat deur bedrywighede voortgebring is. Kontant en kontantekwivalente het van R486m op 31 Maart 2010 toegeneem tot R526m op 30 September 2010. Oor hierdie tydperk het rentedraende lenings van R3 871m tot R3 808m gedaal.

Medi-Clinic Suider-Afrika ondersteun die Suid-Afrikaanse regering se beleidsdoelwit om toegang tot bekostigbare kwaliteitgesondheidsorg vir alle burgers uit te brei. Die proses om 'n Nasionale Gesondheidsversekeringsmodel (NGV) vir die land te ontwikkel, word met groot belangstelling dopgehou en die eerste amptelike dokument in hierdie verband is uitgereik by die Nasionale Hoofraadvergadering van die African National Congress (ANC), wat in September 2010 gehou is. Volgens hierdie besprekingsdokument sal vrywillige mediese fondslidmaatskap (na die betaling van die verpligte addisionele NGV-belasting) voortgaan, en kontraktering met die NGV-fonds deur privaatsektorverskaffers sal op 'n vrywillige grondslag wees. Die voorgestelde herstrukturering van die belastingsubsidies op mediese fondsbydraes – van die huidige formaat na 'n belastingkrediet – behoort in 'n positiewe lig beskou te word, met inagneming van die gepaardgaande groter bekostigbaarheid vir die lae inkomstegroep. Volgens die Minister van Finansies sal die addisionele NGV-belasting nie binnekort ingestel word nie. Indien en wanneer enige vorm van addisionele NGV-belasting ingestel word, sou 'n mens verwag dat die Tesourie die gebruikelike beginsel sal toepas om die addisionele belasting geleidelik in te faser, om die uitwerking daarvan op individue se besteebare inkomste te beperk en hulle genoeg tyd te gun om hul bestedingspatrone geleidelik aan te pas. Voorts sal die veelbesproke NGV-betalstaatbelasting progressief van aard wees – d.w.s. hoe hoër inkomste 'n individu ontvang, hoe hoër sal die persentasie belasting wees. Aangesien die bekostigbaarheid van mediese fondsbydraes 'n groter oorweging vir die lae inkomstegroep is, sal die lae impak van 'n progressiewe betaalstaatbelasting op hierdie lede waarskynlik beteken dat die lidmaatskap van mediese fondse nie beduidend geaffekteer sal word nie.

Die skraping van die Verwysingspryslys-regulasies en maatstaf-tariewe deur die Hooggeregshof op 28 Julie 2010 het nie 'n regstreekse uitwerking op Medi-Clinic Suider-Afrika nie. Die verwysingspryslys-tariewe was nog nooit toegepaslik nie en is nooit deur die privaathospitaalbedryf in Suid-Afrika gebruik nie. Privaat hospitale beding tariewe op 'n jaarlikse grondslag regstreeks met mediese fondse. Hierdie praktyk is in ooreenstemming met die wetgewing oor mededinging en bestaan al sedert 2002.

BEDRYGWIGHEDE IN SWITZERLAND

HIRSLANDEN

Finansiële oorsig

Hirslanden se inkomste het met 3% gedaal (4% gestyg teen konstante wisselkoerse) tot R3 913m (CHF562m) (2009: R4 037m (CHF540m)) vir die ses maande onder oorsig. EBITDA was 3% laer (3% hoër teen konstante wisselkoerse) op R866m (CHF124m) (2009: R896m (CHF120m)).

Nadat waardevermindering van R203m (CHF29m) (2009: R217m (CHF29m)), netto finansieringskoste van R517m (CHF74m) (2009: R558m (CHF75m)) en belasting van R110m (CHF16m) (2009: R92m (CHF12m)) in ag geneem is, het Hirslanden R36m (CHF5m) (2009: R29m (CHF4m)) tot die toeskryfbare inkomste van die Groep bygedra.

Bedryfsoorsig

Die opname van binnepasiënte het gedurende die oorsigperiode met 3% gestyg. Die gemiddelde duur van verblyf het redelik konstant gebly. Die volgehoue tendens van meer ernstige gevalle het die gemiddelde inkomste per toelating verder laat styg. Die huidige oorsigperiode weerspieël die laer seisoensvloei van pasiënte gedurende die Europese somer, in vergelyking met die winterperiode.

Die EBITDA-marge van die groep het effens afgeneem, van 22.2% tot 22.1%. Hirslanden se resultate is behaal ondanks 'n groter voorsiening van R35m (CHF5m) vir 'n tariefisiko, wat in die inkomstestaat erken is. Hierdie tariefvoorsiening het betrekking op tariefbepalingsverskille vir pasiënte met verpligte gesondheidsversekering.

Gedurende die oorsigperiode het Hirslanden R51m (CHF7m) (2009: R124m (CHF17m)) aan kapitaalprojekte en nuwe toerusting bestee om die besigheid te verstewig, asook R86m (CHF12m) (2009: R186m (CHF25m)) aan die vervanging van bestaande toerusting. Verder is R104m (CHF15m) (2009: R111m (CHF15m)) aan die herstel en onderhoud van eiendom en toerusting bestee, wat in die inkomstestaat erken is. Vir die huidige finansiële jaar word CHF54m begroot vir kapitaalprojekte en nuwe toerusting om die besigheid te verstewig, CHF51m word vir die vervanging van bestaande toerusting begroot, en CHF32m vir herstelwerk en onderhoud. Die EBITDA-verhoging voortspruitend uit kapitaalprojekte wat reeds aan die gang of goedgekeur is, word begroot om in 2011 en 2012 onderskeidelik CHF7m en CHF11m te bedra.

By Klinik Hirslanden is die neurologiesentrum in April 2010 geopen, en 'n vaskulêre sentrum in Junie 2010. By Klinik Im Park is 'n nuwe 3.0 tesla MRI-masjien (magnetiese resonansiebeelding) in Augustus 2010 verkry. Beoogde belegging in nuwe tegnologie, wat vir nuwe behandelingsopsies en meer gevalle voorsiening maak, sluit 'n 3.0 tesla MRI-masjien by Klinik Hirslanden asook 'n 1.5 tesla MRI-masjien by Klinik St. Anna in. Die verkryging van beide MRI-masjiene word vir die lente van 2011 beplan.

Die getal binnepasiënt-beddens wat ten volle in bedryf is, het gedurende die oorsigperiode van 1 365 tot 1 372 toegeneem. Sewe nuwe privaat kamers by Klinik St. Anna is aan die begin van April 2010 in gebruik gestel.

Die bouwerk by Klinik Beau-Site in Bern vorder goed en die nuwe fasiliteite behoort op die beplande tyd in bedryf gestel te word. Die hospitaal sal met 23 beddens na 116 beddens uitgebrei word, met 19 beddens wat in 2011 in gebruik gestel sal word en die res in 2012. Verder sal die hospitaal uitgebreide opgradering ondergaan en spreekkamers sal ook bygevoeg word.

Bouwerk en inbedryfstelling vir die groot uitbreidingsprojekte by Klinik Hirslanden (addisionele 71 binnepasiënte en agt hoësoorg-beddens asook nuwe spreekkamers) en Klinik Bois-Cerf (oprigting van 'n skeletradiologie- en 'n radioterapiesentrum) behoort ondanks vertraginge nog volgens die oorspronklike beplanning te verloop.

Gedurende die oorsigperiode het kontantvloei tydelik verswak, hoofsaaklik weens 'n fakturerings-agterstand by sommige hospitale, wat deur 'n tariefbasiskoers-gekil veroorsaak is. Hoewel die tariefbasiskoers-gekil nou tydelik opgelos is, het die fakturerings-agterstand vir die oorsigperiode daartoe gelei dat 70% (2009: 117%) van EBITDA omskep is in kontant wat deur bedrywighede voortgebring is. Kontant en kontantekwivalente het van R526m (CHF76m) op 31 Maart 2010 afgeneem tot R496m (CHF69m) op 30 September 2010.

Rentedraende skuld het van R16 673m (CHF2 406m) op 31 Maart 2010 gestyg tot R17 380m (CHF2 421m) op 30 September 2010, na aftrekking van gekapitaliseerde skuldtransaksiegelde in randterme, as gevolg van die daling in die sigkoers van die rand/CHF-wisselkoers.

Die wysiging van die Switserse Gesondheidsversekeringswet van 1 Januarie 2009 sal op 1 Januarie 2012 in werking tree, en die mikpunt is om al die elemente drie jaar daarna in plek te hê. Die inwerkingstelling van hierdie wysiging en sy gevolge oorheers huidige gesprekke oor openbare gesondheidsbeleid in Switserland. Die nuwe Wet bevat twee belangrike veranderings, naamlik die instelling van vaste tariewe (DRGs) en die hersiening van die hospitale wat gelys is om pasiënte met verpligte versekering te behandel. Hierdie statutêre bepalings verwys uitsluitlik na behandeling vir pasiënte met verpligte versekering, wat sowat 30% van Hirslanden se binnepasiënte uitmaak. Die toepassing van hierdie federale wet sal op kantonvlak bepaal word en Hirslanden is gereeld regstreeks in aanraking met die Gesondheidsdepartemente in die kantons waar Hirslanden hospitale besit. Daar was tot dusver geen beslissings oor hospitaallyste of vaste tariewe nie. Enige moontlike impak kan dus nog nie bepaal word nie.

Kostebeheer in die arena van verpligte gesondheidsversekering is nog steeds hoog op die politieke agenda in Switserland. Benewens die wysiging van die Gesondheidsversekeringswet, is lisensieringsbeperkings nog steeds op nuwe dokters van toepassing en 'n addisionele nasionale beplanningstelsel ten opsigte van hoëkoste-, hoëtegnologiespesialisbehandelings word tans op die been gebring. Verdere reguleringsinisiatiewe met betrekking tot 'n voorstel vir 'n enkele nasionale versekeraar en die uitbreiding van bestuurde sorg is tans onder bespreking.

Ondanks hierdie onsekerhede en veranderings is Hirslanden goed voorberei vir die toekoms. Veranderings in die regulatoriese omgewing was nog altyd deel van die gewone gang van sake. Hirslanden bestuur tans hierdie veranderende regulatoriese omgewing deur 'n paneel deskundiges te gebruik om die Uitvoerende Komitee by te staan. Dit gaan gepaard met intensiewe steunwerwing en samewerking in die politieke komitees, wat deur Hirslanden se Openbare Betrekkings-afdeling gekoördineer word. Aangesien alle hospitale in Switserland deur hierdie veranderings geraak sal word, word verwag dat kleiner mededingers in die privaat sektor oor die kort tot medium termyn sal saamsmelt of probeer saamwerk met 'n bestaande groep. Dit mag verkrygingsgeleenthede skep.

Verkryging van Klinik Stephanshorn

Hirslanden het 'n 100%-belang in die 85-bed Klinik Stephanshorn met effek van 4 Oktober 2010 verkry. Klinik Stephanshorn is die grootste privaat hospitaal in die kanton St Gallen en die enigste in die stad St Gallen. Die hospitaal was nog altyd in die visier vir inlywing by die Hirslanden-groep, as gevolg van sy strategiese waarde. Saam met Hirslanden se bestaande 62-bed Klinik Am Rosenberg, in die nabygeleë Heiden, Appenzell Ausser Rhoden, versterk dit Hirslanden se posisie in Oos-Switserland beduidend. Die twee hospitale vul mekaar aan en sal sinergieë skep vir die huidige en toekomstige ontwikkeling van akute, spesialis-georiënteerde hospitaalsorg in Oos-Switserland. Hierdie mark bied nog talle groeigeleenthede en om die volle groeipotensiaal van die transaksie te benut, word verdere kapitaalbesteding beplan.

Die finansiële resultate van Klinik Stephanshorn is nie by die Groep se finansiële resultate vir die oorsigperiode ingesluit nie, aangesien die transaksie eers ná 30 September 2010 in werking getree het.

BEDRYGWIGHEDE IN DIE VERENIGDE ARABIESE EMIRATE

EMIRATES HEALTHCARE

Finansiële oorsig

Inkomste het met 17% (27% teen konstante wisselkoerse) tot R611m (AED301m) (2009: R524m (AED237m)) gestyg vir die ses maande onder oorsig. EBITDA het met 200% (221% teen konstante wisselkoerse) tot R90m (AED45m) (2009: R30m (AED14m)) toegeneem en die EBITDA-marge het van 5.7% tot 14.7% gestyg.

Nadat waardevermindering van R36m (AED18m) (2009: R39m (AED18m)), netto finansieringskoste van R18m (AED9m) (2009: R30m (AED13m)) en die deling van minderheidsaandeelhouders in die toeskryfbare inkomste van Emirates Healthcare ten bedrae van R18m (AED9m) (2009: deling in die toeskryfbare verlies van R20m (AED9m)) in ag geneem is, het Emirates Healthcare R18m (AED9m) (2009: 'n negatiewe bydrae van R19m (AED9m)) tot die toeskryfbare inkomste van die Groep bygedra.

Bedryfsvoorsig

Gedurende die oorsigperiode het die opname van binnepasiënte in die hospitale met 22% (2009: 46%) toegeneem, terwyl buitepasiënt-konsultasies en besoeke aan noodeenhede met 6% (2009: 40%) gestyg het. Buitepasiënt-konsultasies by klinieke het met 2% (2009: styg met 25%) gedaal.

Die opgraderingsprojek by Welcare Hospital, wat in September 2009 begin het, is feitlik afgehandel.

Die getal gelisensieerde hospitaalbeddens het gedurende die ses maande onder oorsig konstant gebly op 336 beddens.

Beide The City Hospital en Welcare Hospital het nou akkreditering ontvang van die hoogaangeskrewe Joint Commission International (JCI), wat in die VSA gesetel is.

Gedurende die oorsigperiode het Emirates Healthcare R4m (AED2m) (2009: R6m (AED3m)) aan kapitaalprojekte en nuwe toerusting bestee om die besigheid te verstewig, asook R11m (AED5m) (2009: R5m (AED2m)) aan die vervanging van bestaande toerusting. Verder is R10m (AED5m) (2009: R6m (AED3m)) aan die herstel en onderhoud van eiendom en toerusting bestee, wat in die inkomstestaat erken is.

Emirates Healthcare het 97% van EBITDA omskep in kontant wat deur bedrywighede voortgebring is. Kontant en kontantekwivalente het van R108m (AED54m) op 31 Maart 2010 toegeneem tot R117m (AED62m) op 30 September 2010.

Rentedraende lenings het van R521m (AED261m) op 31 Maart 2010 afgeneem tot R458m (AED241m) op 30 September 2010.

VERANDERINGE AAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE

Gedurende die oorsigperiode het die volgende veranderinge aan die Raad plaasgevind, soos voorheen gerapporteer is.

Mnr Gerhard Swiegers, Groep Finansiële Hoof, het op 15 September 2010 as 'n direkteur van die Maatskappy afgetree. Hy is opgevolg deur mnr Craig Tingle wat met ingang van 1 September 2010 as die nuwe Groep Finansiële Hoof aangestel is. Mnr Tingle was van 1992 tot 1999 die Finansiële Hoof van Medi-Clinic en het vanaf 1999 as 'n nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy in die Raad aangebly, totdat hy in 2006 die Finansiële Hoof van Emirates Healthcare geword het.

Dr Ronnie van der Merwe en prof. dr Robert Leu is ook met ingang van 26 Julie 2010 as direkteure van die Maatskappy aangestel: dr Van der Merwe as 'n uitvoerende direkteur (Hoof Kliniese Beampte) en prof. dr Leu as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur.

Mnr Alwyn Martin het op 26 Julie 2010 as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur bedank, aangesien hy die Maatskappy se verpligte aftree-ouderdom vir nie-uitvoerende direkteure bereik het.

VOORUITSIGTE

Die Groep bly uniek geposisioneer oor drie uiteenlopende internasionale bedryfsplatforms. Dit fokus steeds op sy kernbesigheid van akute sorg, spesialis-georiënteerde hospitaaldienste sodat sy visie om deur pasiënte, dokters en befonders van gesondheidsorg as die bes vertroude en mees gerespekteerde verskaffer van sulke dienste beskou te word, verwesenlik kan word. Die Groep gaan voort om sy kollektiewe intellektuele kapitaal en kragte te konsolideer met die doel om 'n internasionale hospitaalgroep te vestig waar verifieerbare kostedoeltreffende gehaltesorg hom van sy mededingers sal onderskei.

Reguleringskwessies skep wel onsekerhede, maar dit was nog altyd onlosmaaklik deel van die gesondheidsorgmilieu. Veral in Switserland en Suider-Afrika monitor die Groep deurentyd die regulatoriese omgewing, met die doel om 'n proaktiewe rol in die besluitnemingsproses te speel of om by 'n potensieel nuwe omgewing aan te pas. Daar is gesondheidsbeleid-moniteringseenhede by die platforms wat spesifiek hierdie funksie vervul.

Die Groep het deur die jare moeilike ekonomiese en politieke toestande relatief goed trotseer. Met positiewe onderliggende faktore wat die bedryf in die algemeen en die Groep in die besonder ondersteun, bly die Groep optimisties oor sy bedryfsvooruitsigte vir die volgende ses maande, en daar word voortgegaan om beduidende hulpbronne oor al drie bedryfsplatforms te belê.

Soos aangedui in die omsendbrief van 19 Julie 2010 aan aandeelhouders, sal die regte-aanbod oor die kort termyn 'n verwaterende uitwerking op die Groep se wesensverdienste per aandeel hê, as gevolg van die tyd wat dit verg voordat die uitbreidingsprojekte hul volle verdienstepotensiaal bereik.

GRONDSLAG VAN VOORBEREIDING

Hierdie finansiële state is opgestel ooreenkomstig die erkennings- en metingsvereistes van IFRS en die openbaarmakingsvereistes van IAS 34. Die rekeningkundige beleid strook met die beleid wat in die vorige finansiële state aanvaar is.

DIVIDEND AAN AANDEELHOUERS

Die raad van direkteure het 'n tussentydse dividend van 23.0 sent per gewone aandeel verklaar.

Die volgende datums is ooreenkomstig STRATE se vereistes van toepassing:

Laaste datum vir verhandeling cum dividend	Vrydag, 3 Desember 2010
Eerste datum vir verhandeling ex dividend	Maandag, 6 Desember 2010
Rekorddatum	Vrydag, 10 Desember 2010
Betaaldatum	Maandag, 13 Desember 2010

Aandeesertifikate mag nie vanaf Maandag, 6 Desember 2010 tot Vrydag, 10 Desember 2010, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of hermaterialiseer word nie.

Geteken namens die raad van direkteure:

E DE LA H HERTZOG
Voorsitter

D P MEINTJES
Hoof Uitvoerende Beampte

Stellenbosch
9 November 2010

DIREKTEURE: Dr E de la H Hertzog (*Voorsitter*), DP Meintjes (*Hoof Uitvoerende Beampte*), Cl Tingle (*Hoof Finansiële Beampte*), JC Cohen (*Brits*), Prof Dr RE Leu (*Switsers*), Dr MK Makaba, ZP Manase, KHS Pretorius, AA Raath, Dr MA Ramphela, DK Smith, CM van den Heever, Dr CA van der Merwe, Prof WL van der Merwe, MH Visser, TO Wiesinger (*Duits*)

SEKRETARIS: GC Hattingh

GEREGISTREERDE ADRES: Medi-Clinic Kantore, Strandstraat, Stellenbosch 7600, Suid-Afrika • Posbus 456, Stellenbosch 7599, Suid-Afrika • Tel +27 (0)21 809 6500 • Faks +27 (0)21 886 4037

OORDRAGSEKRETARIS: Computershare Investor Services (Edms) Bpk, Marshallstraat 70, Johannesburg 2001, Suid-Afrika • Posbus 61051, Marshalltown 2107, Suid-Afrika • Tel +27 (0)11 370 5000 • Faks +27 (0)11 688 7716

BORG: Rand Aksepsbank ('n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)

www.mediclinic.com